

Ass

SAAKNOMMER: CC 482/55

DELMAS

1987-05-21

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

VOLUME 223

(Bladsye 11 813 - 11 868 )

HOF HERVAT OP 21 MEI 1987.

OUPA JOHN HLOMOKA, v.o.e. (Deur tolk)

HOF : Is almal hier?

MNR. FICK : Al die beskuldigdes is teenwoordig.

HOF : Voordat u begin, My Geleerde Assessor en ek kan nie insien waarom daar 'n debat moet wees oor die vraag oor 'n onderwyskollege op 'n stadium gebrand het of nie gebrand het nie. Dit is 'n ding wat u gerus onder mekaar kan uitsorteer.

MNR. FICK : Die Staat is besig om sy eie ondersoek te doen.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ons was laas (10) besig met die stigting van die verskillende takke van AZAPO in die Vaal? -- Dit is so.

Het AZAPO 'n struktuur of 'n orgaan gehad wat bekend gestaan het as 'n eenheid, 'n "unit"? -- Ja, toe ons begin het met die idee van takke te stig, het ons dit "units" genoem.

HOF : Die ding wat later 'n "branch" was, was dit 'n "unit"? -- Ja, ons het dit eers so genoem as 'n "unit".

MNR. FICK : Was daar so 'n "unit" gestig in Evaton? -- Nee.

Ek wil u verwys na BEWYSSTUK AP16 volume 2. Ek wil dit identifiseer. Dit is brief onder 'n AZAPO briefhoof met (20) geen datum op nie, maar hy is geskryf deur Kibi Shabangu "Acting regional organiser". Hierdie dokument is in u besit gevind? -- Ja, dit is so. Die dokument was in my besit gevind gewees, maar ek wil u aandag hierop vestig dat daar waar dit staan "Acting regional organiser" is deur my onderstreep en die twee vraagtekens is deur my daar geplaas.

Hierdie persoon Kibi, K-i-b-i, is dit dieselfde persoon wat ons tot dusver geken het as Kebi, K-e-b-i Shabangu? -- Kebi.

HOF : Maar dit is dieselfde man? -- Ja, dit is so. (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Hier gaan dit oor 'n vergadering wat op Saterdag, 17 Junie 1982 gehou sou gewees het. -- Ja, dit is so.

Op hierdie stadium in Junie 1982 watter amp het Kebi Shabangu beklee? -- Hy was die voorsitter van die Vaal tak.

Waar het u hierdie brief bekom? -- Ek het dit by die huis gevind met my aankoms op pad van die werk af.

Hierdie vergaderplek, huis nr. 575026 Gebied 3, wie se huis is dit? Ekskuus, wie se huis was dit in 1982? -- Ek weet nie, maar as ek nie verkeerd is nie, kan dit wees dat dit Jabo, die oorledene, se huis was. (10)

Het u hierdie vergadering gaan bywoon? -- Nee.

Hoekom nie? -- Ek kan nie meer onthou wat die rede was, of ek werk toe was of wat die posisie was nie, maar tweedens, ek het nie saamgestem met dit wat hier vervat is nie.

Is dit nou die "Acting regional organiser" wat u van praat? -- Ja, dit is so.

U het seker daarna vir Kebi Shabangu in die hande gekry en gehoor van wanneer af is hy die waarnemende streeksorganiseerder? -- In die eerste plek was hy nie een nie.

In die tweede plek, kan u my vraag antwoord. Het u (20) hom gevra hoekom skryf hy so as hy nie een is nie? -- Ja, ek het hom gevra.

En wat was sy verduideliking? -- Hy het in antwoord aan my gesê dat na aanleiding van dit wat ons beplan het oor die stigting van takke, het hy homself beskou as 'n streeksorganiseerder.

En die waarnemende streeksorganiseerder? Was daar dan 'n ander streeksorganiseerder? -- Ons het nie 'n streeksorganiseerder gehad nie.

Dan wil ek met u die inhoud van die brief behandel. (30)

Volgens/...

Volgens die tweede sin van die brief "There will be an Evaton unit meeting on Saturday, 17th July 1982 at 2 pm and the meeting will be at house number 575026 Zone 3." Stem u saam dat hierdie brief gee weer dat daar 'n Evaton "unit" is van AZAPO? -- Ek erken dat dit so oorgedra is in hierdie brief, maar wat ek sê is, dit is nie korrek nie. Tweedens, Gebied 3 het nie 'n gedeelte van Evaton gevorm nie.

Na paragraaf (c) is die volgende sin "The Evaton unit consists of Evaton residents only" en dan "Zone 3 7 Small Farms." -- Ek erken dat dit so geskryf is op hierdie brief, (10) maar dit is nie die waarheid nie.

Het u dit ook opgeneem met Kebi? -- Ja.

Wat was Kebi se verduideliking oor hierdie fout? -- Daar was 'n baie sterk argument gewees aangaande dit, toe ek dit onder sy aandag gebring het dat dit verkeerd is. Ek en hy het toe nie saamgestem met wat ek gesê het nie.

Wat was u posisie op daardie stadium in Julie 1982? -- Ek was 'n addisionele lid van die komitee.

Wat is verkeerd met hierdie sinsnede dat die Evaton "unit consists of Evaton residents only"? Kom ons vat dit net (20) eers tot daar? -- Dit is nie die waarheid nie en tweedens, Gebiede 7 en 3 vorm nie 'n gedeelte van Evaton nie en as 'n mens praat van Small Farms en Gebied 7, dan praat 'n persoon van verskillende areas. Dit is nie dieselfde area nie.

HOF : Maar as 'n mens nou een groot kring wil trek om 'n gebied dan sou 'n mens, as jy hom groot genoeg trek, die kring trek om Evaton, Small Farms, Gebied 8, Gebied 7 en Gebied 3? -- Maar die toestand van lewe is nie dieselfde nie. Dit is in vergelyking met Evaton en Sebokeng

MNR. FICK : Het julle enige vergadering gehou oor hierdie (30) brief/...

brief se inhoud? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar ek onthou op 'n stadium toe ons na Kebi gesoek het en dat ons Kebi nie kon kry nie. Die rede hoekom ons na Kebi gesoek het was as gevolg van die klagtes wat bekend was aangaande dit wat Kebi gedoen het. Die brief voor my was een van die klagtes wat eintlik veroorsaak het dat Kebi gesoek moes word.

Maar u het mos nou maandeliks vergader. Het u een of ander tyd vergader oor hierdie brief se inhoud? -- Ek sê daar was baie vergaderings gewees. Ek sal nie onthou wat alles bespreek was by elke vergadering nie. Wat ek wel kan sê (10) is, daar was 'n vergadering gewees waar Kebi se gedrag bespreek was.

Het Kebi nog vergaderings kom bywoon sedert hierdie brief tot u gekies is in 1938 Oktober as voorsitter? -- Kebi het vir 'n lang tyd weggebly. Tydens die verkiesings waar ek verkies was, het ons 'n besluit geneem dat ons vir hom, Kebi, skors tot tyd en wyl hy weer opdaag en 'n verduideliking gee oor sy gedrag.

Het Kebi ooit weer aktief geraak by AZAPO in die Vaal? -- Wanneer sou dit gewees het? (20)

Sedert julle hom geskors het, het hy weer aktief betrokke geraak by AZAPO in die Vaal? -- In 1984 het hy opgedaag. Ek kan net nie onthou wanneer in 1984 dit was nie, maar dit is waar hy nou amptelik geskors was deur ons.

HOF : In 1984? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Is hy sedertdien nog steeds geskors? -- Ja, hy is nou nog geskors, want dit was op voorwaarde dat ons nou tevrede is dat hy nou verbeter het in sy gedrag wat die skorsing dan sal val.

HOF : Wat was die aard van die gedrag wat die skorsing (30) veroorsaak/...

veroorzaak het? -- Hy het AZAPO in die Vaal verswak.

Hoe? -- In die eerste plek het hy mense in die nag besoek en tweedens, tydens die besoeke van hom, wat hy gedrink gewees. Sy gedrag tydens die besoeke wat hy by die mense afgelê het, was nie deur die mense aanvaar wat hy besoek het nie. Tweedens, het hy die lidmaatskapvorms by hom gehou van mense wat veronderstel is om lede te wees van AZAPO. Met dit het ons nie insae gehad in daardie vorms om te weet wie die persone is wat as lede geregistreer is nie. Hy het partykeer weggegaan na Qwa-Qwa toe waar hy vir 'n lang tyd (10) vertoef het sonder om ons in te lig van wat gebeur in die organisasie van AZAPO. Dit wil sê AZAPO in die Vaal.

MNR. FICK : Dit was nou alles voor 1982 want u het hom versoek in 1982 om met hom oor hierdie brief te praat? -- Dit het plaasgevind gedurende die jaartalle 1982 en 1983. Partykeer het ek boodskappe gekry dat hy by my woning was, maar ek en hy het nie ontmoet nie.

Wie was die voorsitter toe Kebi so weggeraak het van die Vaal tak van AZAPO? -- Hy was die hele tyd nog die voorsitter gewees van die Vaal tak tot en met die jaartal (20) 1983 waar ons besluit het dat ons hom, Kebi, nou skors tot tyd en wyl hy weer opdaag.

HOF : Wie het toe die voorsitter geword? -- Ek het.

Dit is in Oktober 1983? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Maar het julle nie in die tussentyd 'n waarnemende voorsitter gehad nie, want julle het maandeliks vergaderings gehou? -- Ek het 'n vise-voorsitter gehad naamlik Mokgema Mogema.

Het hy waargeneem as voorsitter? -- Ja, dit is so.

Nou wil ek aan u stel dat uit die getuienis wat u (30)

gister/...

gister en vandag oor hierdie sogenaamde takke van AZAPO in die Vaal gegee het, die Boipatong tak, die Bophelong tak, die Sebokeng tak en nou die Evaton tak, indien hulle bestaan het, het hulle doodgeloop en AZAPO as sulks, sy bestaan in die Vaal, was in chaos gewees en wat ek dan aan jou wil stel is dat toe u die voorsitter word met daardie vergadering, toe is AZAPO as 't ware herstig in die Vaal? -- In antwoord sal ek sê AZAPO het altyd bestaan in die Vaal. As u praat van die takke wat doodgeloop het, het ek gister aan u verduidelik dat die tak van Boipatong is die enigste tak wat (10) doodgeloop het en ek het aan u verduidelik hoe dit gekom het dat daar 'n tak bestaan het te Bophelong. Die tak in die Vaal het altyd bestaan, alhoewel die werk daar nie vlot verloop het soos dit was in die jaar 1983 na ek die voorsitter geword het nie. Dit is nie die waarheid dat die tak nie bestaan het nie. Ons het vergader en maandelikse vergaderings gehou soos ek alreeds verduidelik het.

Maar ek stel aan u in die tydperk 1980 tot hier by die begin van 1983 was AZAPO totaal onaktief. Hy het net in naam bestaan? -- Ek weet nie wat u daarby bedoel nie, maar wat (20) ek aan u sê is dat AZAPO het bestaan in die Vaal, herdenkingsdienste was gehou wat deur AZAPO georganiseer was. Dit was nie net die naam AZAPO wat die organisasie daarvoor gedoen het nie.

In Maart 1983 was AZAPO se hoofkantoor se adres 115 Fleetway House, 208 Breestraat, Johannesburg. Is dit reg? -- AZAPO het al kantore by hierdie adres gehad. Watter tydperk dit was, of dit nou Maart 1983 was, is ek nie seker nie.

HOF : Maar kom ons wees nou prakties. Die brief AP16 belê 'n vergadering vir Julie 1982 en toe bestaan daar al 'n (30)

briefhoof/...

briefhoof waarop daardie adres aangegee word as AZAPO se adres? Het hulle hulle adres verander sedertdien? -- Soos ek sê, AZAPO het by hierdie adres kantore gehad en dit het later verander en verskuif na 'n ander plek toe. Wanneer dit presies was weet ek nie.

MNR. FICK : Is dit reg dat in die Vaal by AZAPO die tyd wat u lid was daar, is alle besprekings en reëlings, uitnodigings vir hierdie herdenkingsdienste gedoen òf deur die voorsitter òf dalk deur 'n sekretaris van die tak? -- Nee.

Wie het die uitnodigings gedoen van die AZAPO tak in die (10) Vaal? -- Dit het ons altyd bespreek wie sal wat doen, watter reëlings wanneer. As daar ooreengekom word dat dit deur die sekretaris gedoen sal word, dan sou die sekretaris dit gedoen het met die ooreenstemming van ons besprekings.

Ek wil aan u 'n dokument toon, 'n nuwe dokument. Erken u u het hierdie brief geskryf? -- Ja.

HOF : U het hom geskryf? -- Ja, ek is die skrywer.

MNR. FICK : Ek sal voorstel dat dit BEWYSSTUK CA13 is.

HOF : Dit word CA13. Dit is 'n brief gedateer 18 Maart 1983 en bo-aan regs staan Azanian Peoples Organisation en (20) onder links staan J. Hlomoka.

MNR. FICK : Aan wie het u hierdie brief geskryf? Hier staan net "Dear Sir, maar aan wie was hy gerig? -- Ek weet nie. Ek het briewe geskryf na verskillende persone. Ek kan dus nie op hierdie huidige stadium sê aan wie direk hierdie brief gerig was nie, maar as ek nou moet dink, vermoed ek dit is 'n vakkbond aan wie ek hierdie brief geskryf het. Dit sê ek nie met sekerheid nie.

Hierdie uitnodiging is vir 'n diens gehou in die Anglikaanse Kerk Sharpeville, die kerk van beskuldigde nr. 3. Is dit (30)

reg/...



reg? -- Ja, dit is reg.

Om watter rede het u op hierdie stadium AZAPO se hoofkantoor se adres opgegee? -- Ek het op daardie huidige stadium nie 'n telefoon gehad om te gebruik nie. Dus wou ek gehad het dat indien daar enige boodskappe was wat gelaat word telefonies, dat die mense dan die boodskappe by die hoofkantoor moet laat deur die hoofkantoor te skakel.

Maar u gee nie 'n telefoonnommer op die brief nie. Is dit die rede? -- AZAPO se telefoonnommer verskyn in die telefoongids. So, dit was nie nodig gewees om dit daarop (10) te skryf nie.

Hierdie kerk waar die diens gehou is of gehou sou word, wie het dit gereël? -- Ja, dit is so.

HOF : Het u gereël? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Behalwe die vakbonde, het u enige ander organisasies uitgenooi na hierdie herdenkingsdiens toe? -- Ek kan net van die vakbonde onthou.

HOF : Is hierdie 'n brief wat u geskryf het of 'n konsep vir 'n brief wat getik moes word? -- Dit was al 'n geskrewe brief gewees. (20)

Dit is u gewone handtekening hierdie? -- Ja. Ek is nie seker wat die Hof bedoel nie, maar ek het daar net my voorletter geskryf en my van. Ek weet nou nie of dit beskou kan word as 'n handtekening nie.

Nee, dit maak nie saak nie. Ek wou net weet of u hierdie opgestel het sodat dit later getik moet word en dan uitgestuur moet word, dan wel of dit die brief is wat uitgegaan het en u het die vraag beantwoord.

MNR. FICK : Terwyl u praat van die vakbonde, is daar net sekere vakbonde wat AZAPO uitnooi na sy vergadering wat (30)

ook/...

wat ook Swartbewussyn georiënteerd is? -- By die tyd van my skrywe van hierdie brief, het die vakbonde n hele blok van n gebou besit wat hulle gebruik het. So, ek het almal van die vakbonde daar genooi en nie net spesifieke vakbonde genooi wat saam met ons gewerk het nie.

Is daar vakbonde wat saam met AZAPO gewerk het? -- Nee, hoe werk saam met AZAPO?

U gebruik die woorde, vakbonde wat saam met "ons" gewerk. Nou wil ek weet, is daar vakbonde wat saam met AZAPO werk? -- Ja, maar dit was n antwoord op u vraag toe u gevra het of(10) daar sulke vakbonde was. Toe het ek so geantwoord.

Bestaan daar Swartbewussyn georiënteerde vakbonde? -- Bedoel u nou in die Vaal?

Kom ons begin by die Vaal? -- Nee, ek weet nie.

CUSA, is hy n Swartbewussyn georiënteerde vakbond, Council Union of South Africa? -- CUSA is n raad van verskillende vakbonde. So, ek sal nie kan sê of dit nou n Black Consciousness vakbond is of CUSA self Black Consciousness georiënteerd is nie.

Nou stel ek aan u op grond van hierdie brief BEWYSSTUK (20) CA13 wat u geskryf het, op grond van die feit dat u die plek gereël het waar die vergadering gehou moet word, op grond van die feit dat u die uitnodigings gereël het, dat u reeds voor Oktober 1983 nie net n addisionele lid was van AZAPO nie, maar dat u in der waarheid voor Oktober 1983 hier in die omgewing van April 1983 af die leierskap oorgeneem het van AZAPO in die Vaal? -- Nee, dit is nie so nie. Ek sal dit so aan u verduidelik. Ek het skofwerk gedoen by AECI. Ek het dus genoegsame tyd gehad om hierdie reëlings te tref in die sin dat ek in staat was om hierdie brief weg te neem en in (30) staat/...

staat was om te gaan vra vir die gebruik van die kerk. Dit was dus nie nodig vir my gewees om 'n voorsitter te wees om hierdie reëlings te tref nie.

Net een vraag oor die tydperk 1980 tot 1983. As u beweer dat AZAPO nie net in naam bestaan het in die Vaal nie, hoe is dit dat AZAPO tak in die Vaal dan geen van die kongresse bygewoon het van AZAPO of een van sy rade nie, in daardie tydperk, of by die streke was, streeksvergadering? -- Nee, dit is nie so dat die Vaal tak van AZAPO nooit by die streek verteenwoordig was nie, ook nie by die raad of kongres (10) nie. Daar was wel geleenthede gewees waar hierdie tak verteenwoordig was veral by die nasionale rade se vergaderings en net ek as 'n persoon wat nie daar was as 'n afgevaardigde van die tak nie. Weens die feit dat ek persoonlik nie by hierdie nasionale raadsvergaderings was nie, sal ek dus nie in staat kan wees om vir die Hof te kan sê by watter nasionale raadsvergadering hierdie tak verteenwoordig was en watter nie.

Al wat die AZAPO tak gedoen het as ek u hoofgetuienis verstaan van die tydperk 1980 tot 1983, is julle het komitee-(20) vergaderings gehou wat u sê en herdenkingsdienste gereël? -- Ja, dit is wat ek gesê het.

Het u al hierdie herdenkingsdienste gereël? -- Nie almal nie.

Meeste? -- Laat ek dit so aan u verduidelik. Ek onthou van hierdie een wat betrekking het op hierdie brief CA13 as 'n bewysstuk. Destyds was ek in diens gewees waar ek skofte gedoen het. Dus kan ek nie alles onthou wanneer het ek kans gehad om wat te reël nie. Ek was nie altyd beskikbaar om reëlings te tref nie. (30)

Ek/...

Ek kom nou meer spesifiek na die herdenkingsdiens wat in CA13 genoem word. Beskuldigde nr. 3 was self ook by die diens? -- Wat ek kan onthou oor hierdie herdenkingsdiens waar ek die vakbonde genooi het, is dat dit nie 'n sukses was nie omrede die voorbereidings daarvan nie goed gevaar het nie.

HOF : Maar is dit nou 'n antwoord op die vraag? Die stelling is beskuldigde nr. 3 was ook self daar? -- Ek het gedink dit is 'n antwoord op die vraag toe ek so gesê het. Die antwoord is, die herdenkingsdiens was nie gehou nie. Beskuldigde (10) nr. 3 was maar by sy huis tuis.

MNR. FICK : Maar het hy nie gekom en toe sien hy die ding is 'n mislukking en toe gaan hy terug nie? -- Ek kan nie meer onthou nie. Moontlik het hy gekom. Dit is net ek wat nie meer kan onthou nie.

As u sê die diens was nie 'n sukses nie, wat bedoel u daarby? Het daar niemand opgedaag nie? -- Wat ek daarby bedoel is, toe ek hierdie vakbonde genooi het, was ek onder die indruk gewees dat die vakbonde die lede van die vakbonde sal stuur om hierdie dienste by te woon. In plaas daarvan (20) dat hulle dit gedoen het, het hulle net die amptenary van die vakbonde gestuur om hierdie herdenkingsdiens by te woon.

Maar was die publiek nie uitgenooi nie? -- Daar was net 'n berig gewees wat in 'n koerant vervat was. Hierdie berig was in die koerant gewees op die betrokke dag van die herdenkingsdiens.

U het ook gereël vir die berig in die koerant? -- Nee, ek het nie.

Wie het daarvoor gereël? AZAPO se hoofkantoor? -- Nee, dit is een van die "executive members" by die tak. (30)

Ons/...

Ons weet nou hoe hierdie vergadering misluk het. Was daar mislukking met al julle vorige herdenkingsdienste ook? of was daar van dit wat 'n sukses was? -- Van watter tyd praat u van?

1980 tot voor hierdie vergadering? -- Nee.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Ek dink hier is 'n fout. As ek dit reg het, het die advokaat gevra of daar van die herdenkingsdienste is wat 'n sukses was en ek dink amper u het gehoor of dit is aan u gesê toe u navraag gedoen het dat u moet getuig oor herdenkingsdienste wat 'n mislukking was. (10)

HOF : Die vraag is was daar mislukking met die vorige herdenkingsdienste ook en die antwoord is nee. Die vraag was nie vir my mooi duidelik nie, want ek het begryp dat daar vier herdenkingsdienste per jaar gehou word en dit kan wees dat u dit begryp dat dit slaan op 'n Sharpeville herdenkingsdiens soos hierdie een. Hoe het u daardie antwoord bedoel? -- Ja, nou verstaan en volg ek wat die vraag is. In antwoord sal ek sê die enigste herdenkingsdiens wat ek bygewoon het, was die een in September 1982. Wat die ander herdenkingsdienste betref, was ek nie teenwoordig gewees nie omdat ek (20) gewerk het. Ek het net gehoor dat daar herdenkingsdienste gehou word. Dit wil sê dit is met betrekking tot die herdenkingsdienste voor die een wat belê was vir Maart 1983. Wat dan daarna plaasgevind het na hierdie een, het ek almal bygewoon en almal was suksesvol gewees. Die ander dienste wat na verwys word as herdenkingsdienste, byvoorbeeld die een van Oktobermaand, die herdenkingsdiens van Oktobermaand 1977 was vir die eerste keer gehou in Oktober 1983, georganiseer deur AZAPO.

MNR. FICK : Ek wil met u gaan van hierdie vergadering (30)

van/...

van Maart af na September 1983. Was daar toe in die Vaal gereël vir 'n herdenkingsdiens na aanleiding van Steve Biko se dood? -- Ja, dit is so.

Gereël deur AZAPO? -- Dit is so.

Om die waarheid te sê, daar was twee dienste gereël vir September 1983. Die een in Sebokeng en die ander een in Sharpeville? -- Daar moes eintlik twee herdenkingsdienste gewees het, maar net een was gehou.

HOF : Watter een is gehou? -- Dit is die een in Sharpeville.

MNR. FICK : Wat eintlik gebeur het, is die een in Sebokeng(10) sou gehou gewees het en julle het daar gekom, toe is daar te min mense om die ding te hou en toe gaan almal wat daar is oor na die kerk in Sharpeville waar julle die diens gehou het. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

En hierdie een wat in Sharpeville gehou was, is gehou in die kerk van beskuldigde nr. 3? -- Ja, dit is so.

HOF : Wat is die datum van die herdenkingsdiens? -- Ek kan nie met sekerheid sê wat die datum was wat die herdenkingsdiens gehou was nie. Dit moes gewees het in die week van 12 September. Dit hang natuurlik af watter dag van die week(20) dit was. Op watter dag van 12 September.

MNR. FICK : Het u ook hierdie diens gereël in Sharpeville? -- Nee, ek weet nie wie die reëlings gemaak het nie, maar dit is een van die lede van die "executive". Nee, verskoon my, is die vraag gemik op Sharpeville?

Ja? -- Ja-nee, dit is ek.

U het ook sprekers gereël wat moes kom praat op hierdie diens. Is dit reg? -- Nee, die reëlings het ons gemaak waar ons baie was. Dit wil sê die komitee as geheel het die reëlings gemaak.

(30)

Wie/...

Wie het julle toe gekry as sprekers vir hierdie diens?  
-- Die reëlings wat ons daar getref het was eintlik met ons te doen, ons as die komitee. Dit was die volgende reëlings gewees, dat ek gaan optree as 'n spreker en die voorsitter sal wees Modise Lehoko. Jabo se toespraak sal op skrif gestel word wat dan later aan die gehoor gelees sal word.

HOF : Jabo Shabalala? -- Ja.

MNR. FICK : Hoe het julle gereël wie gaan hom lees? -- Ons het nie 'n besluit geneem daarop wie dit sou lees nie.

Hoekom nie? Julle reël die vergadering en julle (10)  
reël die sprekers, hoekom reël julle nie wie gaan hierdie toespraak lees nie? -- Nee, dit was nie nodig gewees om so 'n reëling te tref nie, want die lesers van hierdie toespraak is eintlik nie belangrik nie.

Wie sou nog sprekers gewees het? -- Die sprekers sou net die persone gewees het wat ons ooreengekom op om as sprekers op te tree. Andersins, die res van die mense sou die sprekers gewees het van die mense wat ons op die vergadering sou kry.

Beantwoord net die vraag. Wie sou die sprekers wees?(20)  
-- Vra u my oor die beplanning, wie beplan was as 'n spreker of wil u weet wie het as sprekers opgetree by die diens?

Ja, ons is nog besig met die reëlings vir die vergadering. Nou vra ek vir u wie sou die sprekers wees op die vergadering?  
-- Ek het mos gesê wie sou dit wees.

HOF : Maar dit is nou net u? -- Ja. Nee, ek en Jabo.

MNR. FICK : Net julle twee? -- Dit is so, ja.

U het nie weer die vakbonde uitgenooi om namens hulle mense te kom praat nie? -- Nee.

Geen ander organisasies soos AZASM? -- As ek nie (30)

fouteer/...

fouteer nie, het AZASM nie destyds in die Vaal bestaan nie.

U het nie iemand van die nasionale kantoor gekry om 'n spreker te wees nie? -- As ek nie fouteer nie, het ons daar 'n uitnodiging gerig aan so 'n persoon, maar hy het nie opgedaag nie.

Sou hy 'n spreker wees? -- Dit is so.

HOF : Algemene uitnodiging aan die hoofkantoor om iemand te stuur of aan die persoon gerig? -- Algemeen vir die hoofkantoor om te besluit wie hulle sal stuur.

MNR. FICK : En enigiemand van die hoofkantoor van AZASM, (10) in die algemeen genooi en gesê hulle moet iemand stuur om te kom praat? -- Nee.

Beskuldigde nr. 3 was ook by hierdie diens. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Het hy ook 'n toespraak gelewer? -- Nee, hy het net met 'n gebed geopen en uit die Bybel gelees. Toe het die diens voortgegaan.

Waaroor was die toesprake van die sprekers op hierdie vergadering? Waaroor het dit gehandel? -- Ek het gehandel met die lewe van Steve Biko. Ek het Black Consciousness (20) ook ingesluit. Jabo se toespraak kan ek nie so goed onthou oor wat dit gehandel het nie, maar ek onthou dat hy 'n punt gemaak het in die toespraak aangaande die Freedom Charter. Daar was nog 'n ander spreker gewees naamlik Cosmos.

HOF : Het u sy van? -- Thokoa.

MNR. FICK : Is hy 'n lid van AZAPO? -- Nee.

Was hy 'n spreker wat gereël was om op te tree? -- Nee, hy was nie.

Waaroor het hy gepraat? -- Ek kan nou nie presies onthou waaroor sy toespraak was nie, maar in die meerderheid was (30)

daar/...



daar n aanmoediging gewees aan die vereniging.

HOF : Om te verenig? "To unite"? -- Ja, om te verenig.

Sy aanmoediging aangaande dit was dat die mense moet verenig, byvoorbeeld dat hy gesê het die vakbonde is verenig onder een liggaam om sekere dinge te doen bymekaar.

MNR. FICK : Wie het toe uiteindelik Jabo Shabalala se toespraak gelees indien ooit? -- IC.8 het dit gelees.

Het u vir IC.8 geken op daardie stadium of was hy n onbekende vir u op die vergadering? - Ek het hom vir die eerste keer daar gesien. (10)

HOF : By die vergadering? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Hoe het dit nou gekom dat u vir hom gesê het hy moet hierdie toespraak lees? -- Dit is omdat hy na my toe gekom het en versoek het dat hy ook in die program geplaas moet word sodat hy n gedig kan doen.

En toe? -- Daarop het ek hom toe ook versoek dat hy sommer terselfdertyd Jabo se geskrewe toespraak sal lees.

Die man wat vir u totaal vreemd was kry toe die werk? -- Ja, toe ek hom so gekyk het, het hy gelyk soos n persoon wat kan lees. (20)

En dit is u motivering hoekom u vir hom gevra het om die ding te lees? Dit is die enigste motivering daarvoor? -- Dit is so en tweedens, Jabo se geskrewe toespraak behoort gelees te gewees het daar. Dus het ek hom gevra dat hy dit moet lees.

Die voorsitter van die vergadering was Modise Lehoko? -- Dit is so.

Waar het u gesit by hierdie vergadering? Tussen die gehoor of op die verhoog? -- Nee, by hierdie vergadering was daar nie n verhoog gewees nie. Die rede hoekom, ons het met (30)

ons/...

ons rug na die preekstoele toe gesit. Dit wil sê in die rigting van die agterkant van die kerkgebou.

Toe IC.8 u genader het op die vergadering om sy gedagtes voor te dra, was dit na u gepraat het of voor u gepraat het? -- Die vergadering het nog nie 'n aanvang geneem nie. Met ander woorde, die diens het nog nie begin nie.

K712

Hoe het dit gekom dat hy na u toe kom? U is nie die voorsitter van die vergadering nie? -- Ek weet nie. Wat ek wel kan sê is, ek het 'n T-hempie van AZAPO aangehad en ek was die enigste persoon wat in daardie soort van 'n T-hemp(10) gekleed was. Dit was bekend gemaak dat hierdie vergadering is 'n vergadering wat onder die beheer van AZAPO gaan wees.

Is dit daar op die vergadering bekend gemaak? -- Nee, in die koerante.

Hoe het dit gekom dat u ook nou Jabo Shabalala se toespraak gehad het en die voorsitter hom nie gehad het nie? -- Omdat Jabo dit aan my gegee het.

Maar hoekom het u dit nie vir die voorsitter gegee nie? U is mos nou net 'n gewone spreker daar? -- Ek het dit nie nodig gesien nie. (20)

Hoe sal die arme voorsitter moet weet wanneer en vir wie sê hy "Lees die ding" as hy nie die toespraak by hom het nie? -- Dit was nie nodig gewees om hierdie geskrewe toespraak van Jabo aan die voorsitter te gaan gee nie. Die rede daarvoor was, hier is nou 'n persoon wat ook in die program is en die persoon is nou die persoon wat die toespraak gaan lees. Dus het ek dit nie nodig geag om nog hierdie toespraak aan die voorsitter te gee nie.

Ek het 'n paar probleme met u weergawe van hierdie vergadering en ek sal dit nou aan u stel. Eerstens wil ek (30)  
aan/...

aan u stel dit is nooit aan IC.8 gestel dat hy moes die toespraak van Jabo Shabalala lees op die vergadering nie? -- Ja, ek het 'n antwoord daarop. Dit is omdat IC.8 geen melding gemaak het van hierdie vergadering nie. Niemand het ooit melding gemaak van hierdie vergadering nie, behalwe dat dit net verskyn op die klagstaat.

Ek sal dit argumenteer. Dit sal nie help om dit nou met u te argumenteer nie. Tweedens, die gedig wat u sê IC.8 opgesê het "Cry Africa, cry" is deur u verteenwoordiger gestel aan IC.8 toe hy gesê het hy het hierdie gedig opgesê op 'n (10) vergadering, dat daar is nie so 'n gedig wat hy opgesê het nie, maar hy het op baie vergaderings 'n punt daarvan gemaak om die gedig "Africa, my beginning," op te sê. Hoekom het u toe nie u regsverteenwoordiger reggehelp en gesê "Maar ek was op 'n vergadering waar hierdie man 'Cry Africa, cry' opgesê het" nie? -- Hulle het gepraat van baie vergaderings. Selfs hierdie gedig van IC.8 "Cry Africa, cry", as dit nie was dat dit deur hom gesê was nie, sou ek dit nie onthou het nie.

Net terloops. Volgens BEWYSSTUK AP5 word aangegee dat Jabo Shabalala doof was. Hier word niks gesê van die man (20) was basies stom nie? -- Ek weet van niemand in die Vaal wat nie daarvan bewus was dat Jabo nie kon praat nie.

Kon hy hoor? -- Ek kan nie daarvoor getuig of hy kon hoor of nie en of hy miskien hardhorend was nie, maar wat ek wel van bewus is, is dat hy het meeste van die tyd 'n persoon se lippe dopgehou as 'n persoon praat.

Beskuldigde nr. 3 het hier getuig. Kan u vir die Hof sê wat was sy verhouding met AZAPO, indien enige? -- Ek weet nie wat die verhouding was tussen beskuldigde nr. 3 en AZAPO nie, maar wat ek wel van bewus is is dat beskuldigde nr. 3 (30)

glo/...

glo in Black Theology.

HOF : Wat is dit? -- Ek het nie so 'n goeie kennis daarvan wat dit is nie, maar wat ek wel van weet is dat dit 'n sekere manier is om na sekere dinge te kyk, dit wil sê op 'n manier van oorweging van sekere dinge.

Ja, dit geld natuurlik vir alle standpunte in teologie. -- My vertolking is dat Black Theology vloei uit Black Consciousness.

MNR. FICK : Beskuldigde nr. 3 is ook 'n aanhanger van Swart bewussynsideologie? -- Ek dink so, maar ek sal nie sê dit (10) is so namens hom nie.

Beskuldigde nr. 3 was in die Vaal van 1980 tot 1984 'n ondersteuner van AZAPO, sover as wat u kennis betref. Is dit reg? -- Ek weet nie wat u bedoel met die ondersteuning nie. Wat ek wel kan sê is, elke keer toe ek gevra het vir die gebruik van die kerk, het beskuldigde nr. 3 toestemming verleen.

Wanneer AZAPO ook al 'n vergadering of 'n diens gehou het in Sharpeville was dit in die kerk van beskuldigde nr. 3 oor hierdie tydperk 1980 tot 1984? -- Ja, dit is so. (20)

En hy het nie net die kerk beskikbaar gestel vir u nie, maar hy het by vele byeenkomste of vergaderings van AZAPO ook die vergaderings kom open? -- Ja, dit is so. As hy teenwoordig is by hierdie diens wat hou word, dan het ons hom gevra om dit vir ons te open.

AZAPO het hom genooi om die vergadering te kom open? -- Ek hoop as ons nou praat van vergaderings, praat ons van die herdenkingsdienste?

Kom ons beperk dit eers tot daar.

HOF : Openbare vergaderings. Dit is nie komiteevergaderings (30) nie/...

nie? -- Ja, dit is so. Ons het hom gevra.

MNR. FICK : Dan het hy nie net vir julle uit die Bybel voorgelees nie, maar hy het ook 'n preek gelewer oor wat hy gelees het?

HOF : Onderskei u tussen 'n preek en 'n toespraak? Want ek verstaan 'n preek om te koppel aan dit wat uit die skrif gelees is, waar 'n toespraak nie noodwendig gekoppel word aan dit wat uit die skrif gelees is nie.

MNR. FICK : Het beskuldigde nr. 3, nadat hy uit die Bybel gelees het, 'n voordrag gelewer gebaseer op die teks wat (10) hy gelees het, maar hy koppel dit aan die politiek of aan die omstandighede of die onderwerp van die betrokke vergadering? Is dit wat hy normaalweg gedoen het by hierdie dienste? -- Die gewoonte van beskuldigde nr. 3 by vergaderings was om uit die Bybel te lees en dan daaromtrent gepreek. Dit wil sê oor wat hy gelees het gepreek en dit verduidelik. Hoe dit gekoppel kan word aan politiek, soos u dit gestel het, kan ek my nie voorstel nie. Die beste wat ek kan sê is is dat dit wat hy gelees het verduidelik was deur hom. Byvoorbeeld, as hy miskien uit die Bybel gelees het van 'n (20) stuk waar daar verwys word na die onderdrukking van mense, in sy verduideliking van die skrif waar hy preek, sal hy dit dan vergelyk het met die omstandighede in Suid-Afrika. As die politiek waarna verwys word op daardie manier bygebring word in u vraag, sal ek sê ja.

Die omstandighede wat hy dit gewoonlik aan koppel as hy oor onderdrukking praat, koppel hy dit aan onderdrukking, wat hy sê is onderdrukking van die Swartman in Suid-Afrika?

-- Ek weet nie. Ek kan nie onthou nie. Miskien het hy so gesê. Ek is nie seker nie. (30)

Was/...

Was beskuldigde nr. 3 nie besonder lief om voort te leef onder andere uit die geskiedenis in die Bybel van die Israeliëte terwyl hulle in Egipte was en hulle trek uit Egipte uit uiteindelik nie? -- Dit is so, ja.

Dan het hy dit gesien as onderdrukking van die Israeliëte en dan het hy dit gekoppel aan die Swartman se omstandighede in Suid-Afrika en gesê dit is ook die onderdrukking wat die Swartman ondervind in Suid-Afrika, soos die Egiptenare die Israeliëte onderdruk het? -- Ja, dit is so. Dit is hoe ek dit onthou. (10)

Het beskuldigde nr. 3 nie ook kongresse van AZAPO gaan bywoon nie, nasionale kongresse?

HOF : U moet net oppas. Ons kry 'n nasionale raad, 'n "national council" en ons kry 'n "annual congress", 'n jaarlikse kongres. Wat bedoel u?

MNR. FICK : Dit is my fout. Ek sal sê jaarlikse kongresse? -- Ek was teenwoordig net by een kongres en ek het hom nie by hierdie kongres gesien nie.

Maar het beskuldigde nr. 3 nooit met u gepraat en vir u gesê "Kyk, ek was by 'n kongres van AZAPO gehad en ek het (20) die voorreg gehad om die mense toe te spreek daar en 'n lesing te gee" nie? -- Ek kan my nie voorstel dat hy so iets gesê het nie.

Terwyl u nou nie hier afgevaardig was nie, soos ons gehoor het, het lede van die komitee wat wel afgevaardig was, by u kom rapporteer en gesê "Ons was daar gewees by 'n kongres in 1982 maar by Hammanskraal en daar was beskuldigde nr. 3, hy het 'n lesing kom gee daar vir ons en sy lesing is aanvaar"? -- Nee, ek het dit nog nie te hore gekom nie.

Ek wil u volledigheidshalwe verwys na BEWYSSTUK B17 (30)

volume/...

volume 2 bladsy 5. Ek sal dit vir die rekord weer identifiseer. Dit is notules van die verrigtinge van die tweede jaarlikse kongres van AZAPO gehou in die St Peter's Seminary Hammanskraal 6 tot 7 Maart 1982. (Bladsye word genom Paragraaf 10 op bladsy 5. Sien u dit daar? Daar word genotuleer dat "Noted: Adopted the paper on Black theology struggle of the people by Reverend T. Moselane, Annexure F." -- Ja, ek sien dit.

HOF : Sal dit beskuldigde nr. 3 wees? -- Ek vermoed so.

MNR. FICK : Die naam wat hier op bladsy 18 kom Tebogo (10) Moselane, dit is onder daardie naam wat u vir beskuldigde nr.3 ken? -- Ja, dit is een van sy name.

Terwyl ons by hierdie dokument is wil ek hê u moet kyk na bladsy 3 van BEWYSSTUK B17. U het vir die Hof gesê dat alhoewel u nie h afgevaardigde was nie, is ander lede van die komitees na die kongresse van AZAPO oor hierdie tydperk 1980 tot 1983. Onder die "Branch representatives", is daar nie een van die Vaal nie. -- Dit beteken dus dat daar niemand daar teenwoordig was nie.

Dit beteken dan verder dat die antwoord nie heeltemal(20) reg was wat u gesê het dat alhoewel u nie op die kongresse was nie, was daar komiteelede wat na hierdie kongresse toe gegaan het oor die tydperk 1980 tot 1983?

MR BIZOS : Is the suggestion that he said that they went to all the congresses?

COURT : Give him a chance to answer. -- Wat ek van weet is dat daar van die kongresse is wat hulle bygewoon het en ek weet nie watter van die kongresse hulle bygewoon het nie, maar h mens kan dit nou vasstel volgens die notule watter van die kongresse hulle bygewoon het. (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Dan net laastens, bladsy 11 van BEWYSSTUK D17.

Dit is die stuk wat My Geleerde Vriend na verwys het. Die eerste paragraaf onder "branches", die eerste sin "Since last congress branches were formed ..." (Hof kom tussenbei)

HOF : U moet die deel lees wat mnr. Bizos na verwys het in die rekord in, want ons het hom toe nog nie genommer gehad nie, sodat as iemand die rekord lees, hy weet dat dit bladsy is waar daar na verwys is.

MNR. FICK : Dit is die eerste paragraaf onder die sub-hoof "Composite executive report March 1982" en wat deur My (10) Geleerde Vriend na verwys is, is paragraaf 1 na die hofie "branches" en hy het verwys na die sinsnese "Since last congress branches were formed at Dennilton, Groblersdal, Middelburg, Ogies, Phalaborwa and the Vaal complex." Volgens u getuienis is hierdie mos verkeerd? -- Ek sien nie 'n fout daarmee nie, want volgens die notule hier was dit vir die heel eerste keer bekendgemaak aan die kongres dat daar 'n tak gestig is in die Vaal.

Nee, dit is verkeerd. Daar staan "Since last congress". Die vorige kongres was in 1981. U sal sien hierdie is die (20) tweede kongres in 1982. Volgens hierdie sin beteken dit dan dat die Vaal tak van AZAPO is tussen 1981 en Maart 1982 gestig en u sê dit is nie so nie? -- Nee, ons moet dit so verstaan. Al kan 'n tak gestig word en dit is nog nie aan die kongres bekend gemaak dat daar 'n tak by hierdie plek gestig is nie, beteken dit dat die kongres nog nie daarvan bewus is dat daar 'n tak gestig is nie, al is dit miskien dat die "executive", van die lede van die "executive" daarvan bewus is, solank dit nog nie aan die kongres gemaak is nie. Dan is hulle nog nie bewus van die bestaan van die tak nie. (30)

Net/...



Net laastens wil ek aan u stel dat die antwoord wat u nou gegee het, is teenstrydig met wat hier staan in hierdie dokument? -- Kyk, ons verstaan nie mekaar nie. Ek praat van 'n verslag wat gemaak word en hierdie mense praat van die formulering.

HOF : As u praat van formulering, bedoel u die stigting?

-- Dit is korrek. (Tolk deel Hof mee dat hy dit so in hierdie sin gebruik omdat hy nie weet wat die getuie later gaan sê oor die "formation" nie?)

Nou goed. -- Wat ek aan u kan verduidelik, van die (10) stigting plaasgevind het van AZAPO in die Vaal het ons nog nie 'n verslag daaromtrent geskryf wat deurgestuur was na die kongres toe nie. Dit is wat hierdie verslag hierso eintlik verduidelik.

Maar sou u stigting van die Vaal tak dan nou ongemerk verbygegaan het by die uitvoerende bestuur van AZAPO? -- Nee, hulle was daarvan bewus in die sin dat tydens die stigting van hierdie tak, was die nasionale organiseerders teenwoordig gewees. Wat hulle nie van weet nie is of hierdie tak nog bestaan, maar alvorens hulle 'n verslag gekry het (20) dat die tak bestaan, sal die kongres nie daarvan bewus word dat daar so 'n tak bestaan nie.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

MR BIZOS : My Lord, there is just one aspect. The assumption is that there was a congress in 1981. I do not know. We genuinely do not know at this stage whether there was in fact ... (Court intervenes)

COURT : Yes, I also thought of that, because an annual (30)  
congress/...

congress is not - is sometimes not annually held?

MR BIZOS : This correct. If one has regard to that we only get the second in 1982 when the organisation was formed in 1978, some inference may be drawn from that. We do not know if there was, but I do not know if the witness knows. I do not think the assumption can be made.

MNR. FICK : Ek sal kyk in die dokumente. Sover my geheue strek is daar wel een in 1981 gehou. Ek sal dit net kry. Ons is nog by hierdie vergadering in September 1983. U sê na die vergadering, wat het toe gebeur? -- IC.8 het my (10) laat weet dat hy eintlik belangstel om aan te sluit as 'n lid.

Hoe het hy u laat weet? -- Hy het dit mondelings aan my oorgedra.

Waar was die voorsitter van AZAPO se tak op daardie stadium toe u die inligting kry? -- Dit was nie by hierdie vergadering gewees nie.

En die vise-voorsitter? -- Hy was ook nie teenwoordig nie.

Waar was Modise Lehoko wat die voorsitter van hierdie (20) vergadering was? -- Hy was teenwoordig.

Was hy teenwoordig gewees by u toe u genader is deur IC.8 of wat is die posisie? -- Na die vergadering uiteen gegaan het, is ek en Modise Lehoko saam weg van daardie vergaderplek af, maar waar hy was tydens die voorval waar IC.8 met my daar gepraat het, kan ek nie sê nie.

Ek wil net een aspek opklaar, U Edele, die vraag van My Geleerde Vriend oor die jaarkongres. BEWYSSTUK B17, dieselfde een wat ek behandel het op bladsy 4. Daar staan onder punt 6 "The minutes of the first annual congress held (30)

on/...

on 24 and 25 January 1981 were read and confirmed." -- Volgens die notule hier sien ek dit.

Dan gaan ons aan waar ons nou opgehou het by IC.8 gevra het hy wil aansluit by AZAPO. Het hy gesê hoekom wil hy aansluit, wat is die rede? -- Nee, al wat hy aan my oorgedra het is dat hy wil ook 'n lid wees van AZAPO.

Wat maak u toe? -- Ek het toe sy woonadres neergeskryf en toe aan hom gesê dat ek hom sal sien. Ek sal by hom aandoen en met hom kom gesels.

Het u by hom gaan aandoen en met hom gesels? -- Ja, (10) dit is so.

Hoe lank na die vergadering? -- Ek kan nie onthou nie.

Het u alleen gegaan? -- Ja, want hy bly naby my woning. Dit is IC.8.

Het u maande na hierdie vergadering in September 1983 gegaan of 'n klein rukkie daarna? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar by hierdie geleentheid wat ek in sy geselskap Sharpeville toe is, was hy alreeds 'n lid gewees.

Hoe het dit gebeur? -- Dit is na ek by hom aangedoen het en 'n gesprek met hom uitgevoer het. Na die ooreenkoms (20) eintlik.

Nee, ek verstaan u nou hoegenaamd glad nie. Ons was laas by die vergadering van September 1983 waar hy gevra het hy wil aansluit by AZAPO en u het toe gesê "Ek sal jou by die huis kom sien" en u kry toe sy adres. Toe verstaan ek u, toe u uiteindelik by sy huis aankom, toe vind u uit hy is klaar 'n lid.

HOF : Nee, "toe ek met hom Sharpeville toe is, was hy al 'n lid."

MNR. FICK : O, ekskuus. Wanneer is u saam met hom (30)

Sharpeville/...

Sharpeville toe? -- As ek reg onthou was dit in Novembermaand  
gewees.

1983? -- ja.

Het u hom h het IC.8 h aansoekvorm voltooi vir AZAPO?

-- Nee, hy het nie.

Het hy nie h lidmaatskapkaart gehad nie en hy het ook nie  
h aansoekvorm voltooi nie? -- Daar was nie h lidmaatskap gewees  
nie. Wat die vorm betref, dit is die aansoek vir hom, kan  
ek nie meer met sekerheid sê of hy dit alreeds voltooi het  
of nie, maar wat ek wel kan sê is, dit is na hy ingestem het(10)  
en al wat destyds oorgebly het, was dat hy die nodige fooie  
betaal.

Wat u betref was hy h lid van AZAPO? -- Ek het hom so  
aanvaar.

Ek sal terugkom na hierdie aspek toe, maar eers nadat  
ek h ander aspek met u ook behandel het. Gedurende Oktober  
1983, dit is die volgende maand, is u na AZAPO hoofkantoor in  
Johannesburg op h geleentheid. Is dit reg? -- Sedert Augustus-  
maand was ek alreeds in Johannesburg werksaam. So, as ek  
tyd gehad het, het ek by die hoofkantoor aangedoen. (20)

U het gedurende 1983 daar na die hoofkantoor gegaan en  
u het daar h aantal plakkers gekry, "stickers". Is dit reg?  
-- Ja, dit is so. Ek het plakkers daar gekry.

Daar was vir Oktobermaand 1983 h herdenkingsdiens of  
h rally soos wat hy ook genoem was gereël in Soweto in  
Regina Mundi.

HOF : Wag nou net so h bietjie. Daar is h verskil tussen  
h "rally" en h herdenkingsdiens, dink ek. Wat is dit genoem?  
h "Commemorative service" of h "rally"? Wat stel u aan die  
getuie? (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Laat ek die vraag herformuleer. Is daar 'n herdenkingsdiens gereël vir Oktober 1983 in die Regina Mundi in Soweto vir die herdenking van die verbanning van die Swart bewussynsorganisasies? -- As ek reg onthou was dit genoem Black Consciousness Rally.

HOF : En die datum? -- Dit was in Oktobermaand gewees. Wat die datum presies was, kan ek nie onthou nie, maar dit sou gehou gewees het op die dag van die herdenking van gebeure in Oktobermaand.

MNR. FICK : 1977 toe die Swart bewussynsorganisasies (10) verban is? -- Ja, dit is so, ingesluit die koerante.

HOF : Watter organisasies praat u van? -- Ek onthou het van twee. Daar is baie ander, maar ek onthou net van twee. SASO en APC.

En die koerant was The World? -- As ek nie verkeerd is nie in die Voice.

So, die koerant was die Voice? -- The Voice en The World.

MNR. FICK : Hierdie plakkers wat u gekry het, was aanvanklik bedoel om hierdie saamtrek by Regina Mundi te propageer? -- Dit was bedoel om hierdie vergadering te Regina Mundi te (20) adverteer.

Hierdie vergadering is toe verban, die saamtrek? -- Ja, dit is so.

En toe word die saamtrek net eenvoudig verskuif na Sharpeville toe? -- Ja, dit is so.

HOF : Op 'n punt van Afrikaans, is verban die regte woord? Is verbied nie die woord nie?

MNR. FICK : In die ban gedoen of verbied. Dit is toe uiteindelik, hierdie saamtrek, verskuif na die kerk van beskuldigde nr. 3 in Sharpeville? -- Nee, dit is nie verskuif (30) direk/...

direk na sy kerk toe nie, maar ek is die persoon wat die voorbereidings gedoen het. Met die gevolg dat ek vir die gebruik van die kerk toestemming voor gekry het en toe het hulle op die ou end daar uitgekóm.

En u het spesifiek weer met beskuldigde nr. 3 gereël vir die gebruik van die kerk vir die doel? -- Ja, dit is so.

Die plakkers wat u gekry het by AZAPO hoofkantoor, wat het u daarmee gemaak? -- Van dit het ons opgesit daar en daar was wat oorgebly het. Eintlik het baie oorgebly.

Laat ons nou net duidelikheid kry. Die plakkers het (10) u gekry by AZAPO. Was hulle verander gewees om te lees dat hierdie vergadering of saamtrek is nou in die kerk van beskuldigde nr. 3 in Sharpeville? -- Nee.

Wat se plakkers het u gehad wat u opgesit het?

HOF : Nee, hy sê die plakkers het hy deels opgesit gehad en daar het baie oorgebly. Nou het u hom nog nie gevra op watter stadium het hy dit opgesit gehad nie. Dit kan wees met die verbanning, soos u dit noem of met die verbod, soos ek dit noem.

MNR. FICK : Ek het laas verstaan u het hierdie plakkers (20) gekry van AZAPO en die goed het toe die saamtrek in Regina Mundi adverteer? -- Dit is so, ja.

Die plakkers wat die saamtrek te Regina Mundi adverteer, wat het u met hulle gemaak? -- Ek sê van dit het ons opgesit en daar was daarvan wat oorgebly het.

Waar het u dit opgesit? -- In die Vaal.

Al die woongebiede? -- Ek het dit in Sebokeng opgesit. Ek het die ander aan die ander mense gegee wat ek opgesit het in Sasolburg, Sharpeville. Ek weet net nie van Boipatong en Bophelong of dit opgesit was daar nie. (30)

Die/...

Die mense wat nou hierdie plakkers gelees het, hoe moes hulle geweet het die diens - die saamtrek is nie meer in Regina Mundi nie, hy is nou in Sharpeville? -- Die koerant het die berig en kennis gegee dat die saamtrek nou verbied is, dit sal nie meer in Regina Mundi gehou word nie. Wat betref die Sharpeville se verskyning, het ons dit nie geadverteer nie. Ons het net die mense mondelings gesê.

Is dit u komitee wat u nou van praat? -- Die lede wat ek onthou.

U het by hierdie saamtrek ook 'n gasspreker gehad? -- (10) Daar was sprekers gewees.

Libon Mabaso, die president van AZAPO, was hy een van die sprekers? -- Ja.

Wie het nog van AZAPO wat in die AZAPO bestuur is, opgetree as spreker? -- Nefolobotwe is sy van.

Watter posisie beklee hierdie persoon in AZAPO? -- Ek sê dit nie met sekerheid nie. Ek is nie seker nie. Dit is onder korreksie. Hy was 'n sekretaris van arbeid by die organisasie van AZAPO, maar nie by die nasionale raad nie.

Is daar nog sprekers van AZAPO hoofkantoor af wat gepraat (20) het op hierdie saamtrek? -- Hierdie dag by hierdie vergadering het net hierdie twee persone toesprake gelewer.

Was daar nie nog die president van AZASM ook nie, Kabelo Lengane? -- Nee.

En beskuldigde nr. 3 het weer hierdie saamtrek geopen? -- Ja, dit is so.

Het hy weer oor die onderdrukking gepraat van die Swartman? -- Ek kan nie onthou wat hy daar gesê het nie.

Was Satch Cooper nie ook 'n spreker nie? -- Hy was die voorsitter gewees.

(30)

Van/...

Van die vergadering? -- Ja, dit is so.

Sal u saamstem dat Libon Mabaso se toespraak het gehandel oor die nasionale konvensie, "The National Convention" en AZAPO se houding daaroor? -- Nee.

Waaroor het hy gepraat? -- Oor die Black Consciousness.

Ja, maar wat van Black Consciousness? -- Hierdie dag was die herdenking van die verbanning van die Black Consciousness. So, sy toespraak, al kan ek nie presies onthou wat hy gesê het nie, het te doene gehad met die Black (10) Consciousness. Niemand het melding gemaak in toesprake van die "National Convention" nie.

Julle het vryheidsliedere gesing? -- Ja, dit is so.

Kan u nog van hulle name onthou? -- Senzeni na.

Kan u nog onthou? -- Thanyelani amabala. Hlanganani Basebenzi.

Die tweede lied wat u opgenoem het, wat beteken dit?

HOF : Is dit al die liedere? -- Dit is dié waarvan ek onthou wat daar gesing was.

MNR. FICK : Die tweede lied, wat beteken dit? -- Dit beteken of die bewoording is Thanyelani amabala i AZAPO iyeza ipethe (20) i BC nyezandla.

HOF : Wat sê u wat beteken dit? -- Dit is die betekenis wat ek nou net gesê het. Die woorde soos deur my hier gebruik beteken presies dit. Ek kan hulle nie meer verduidelik nie.

Vertolk dit vir ons, mnr. Die Tolk? -- Letterlik beteken dit dat die mense die binneplein van die persele moet skoon vee, hier kom AZAPO aan, wat die toegang het om binne te kom Dit kom met sy beroemdheid en het BC in die hand. Dit is die vertaling.

MNR. FICK : Het beskuldigde nr. 3 geen beswaar gehad teen (30) die/...



die vryheidsliedere wat in sy kerk gesing word nie? -- Nee.

Het julle enige baniere of plakate in die kerk gehad teen die mure? -- Nee.

Is daar enige besluite geneem op hierdie saamtrek van julle? -- Nee, dit was net 'n herdenkingsdiens gewees. Daar was geen besluite daar geneem nie.

Het julle enige slagspreuke geskreeu daar in die kerk? -- Ja, dit is so.

Watter? -- Amandla Wethu. Viva AZAPO. Dit is wat ek kan onthou. Ek kan nie aan 'n ander dink wat geskreeu is nie. (10)

Het julle die slagspreuk "One Azania, one nation"? -- Ja, dit is. Hy was ook geskreeu in die kerk.

Het beskuldigde nr. 3 die hele saamtrek bygewoon? Was hy die hele tyd teenwoordig? -- Ek vermoed so. Ek dink so.

Hy was daar op die verhoog? -- Die enigste persoon op die verhoog daar was die voorsitter gewees, naamlik Satch Cooper. Die ander persone wat daar op die verhoog was, was die twee wat ek van gepraat het wat na die verhoog toe gegaan het as sprekers.

Het u enige besware ontvang van beskuldigde nr. 3 na (20) die hou van hierdie saamtrek in verband met die saamtrek in sy kerk? -- Nee, ek het nie.

Dit is nie vir my duidelik, ek wil nou oorgaan na die sogenaamde band, die kassetband, BEWYSSTUKKE 25 en V29 die transkripsie. U was in Oktober 1983 by die Nasionale Raad se vergadering. Is dit korrek? -- Ja, dit is so.

En u het vir die Hof gesê u het tydens hierdie raadsvergadering hierdie BEWYSSTUK 25 in die hande gekry? -- Ja, dit is so.

HOF : Laat ons nou net duidelikheid kry. Die getuie het (30) nie/...

nie gesê dat hy BEWYSSTUK 25 daar gekry het nie. Hy het gesê dat hy 'n band soortgelyk aan BEWYSSTUK 25 daar gekry het.

-- Ja, dit is so.

MNR. FICK : En u het toe verder gesê dat u het hierdie band wat u gekry het by die nasionale raad gespeel? -- Waar? By die huis of waar?

U het hom gespeel aan sekere AZAPO ondersteuners en lede. Is dit reg? -- Ja, wat saam met my daar teenwoordig was, het ek dit voor gespeel.

HOF : U bedoel wat by die nasionale raad was of wat by (10) die huis was? -- Nee, wat ek sê is, ek het dit saamgebring van die nasionale raad af. Later na ek by die huis gekom het, het ek dit in Sharpeville gaan speel in die teenwoordigheid van die mense wat ek alreeds genoem het.

MNR. FICK : Van watter geleentheid praat u? By wie se huis het u hierdie kasset gespeel vir die AZAPO ondersteuners wat u nou van praat? -- By Thapeli se woning.

Is hierdie die enigste geleentheid wat u hierdie band vir AZAPO ondersteuners gespeel het? -- Nee.

By hoeveel ander geleenthede het u hierdie band gespeel (20) vir AZAPO ondersteuners? -- Ek het dit by die huis gespeel waar ek saam met Charles Mabitsela was en toe het ek dit weer gespeel waar ek saam met Lehoko was. Dit is terwyl Lehoko by my huis gekuier het. Daarna het ek dit alleen gespeel by die huis.

Op watter van hierdie geleenthede, indien enige, was IC.8 teenwoordig? -- Waar hy teenwoordig was was by Thapeli waar hierdie band gespeel was.

Kan u vir die Hof 'n datum gee wanneer hierdie band by Thapeli se huis gespeel is? -- Ek sal nie in staat wees om (30)

n/...

h presiese datum te kan gee nie. Al wat ek sê is, dit was in Novembermaand.

1983? -- Dit is so.

Is u seker? Laat ek so vra, daar was h aantal persone teenwoordig gewees behalwe IC.8 toe u die band vir hom gespeel het. Is dit reg? -- Ja, daar was ander persone daar teenwoordig saam met IC.8.

Is u seker? h Persoon met die naam van Victor Maluleka, was hy daar gewees? -- Ja, hy was.

Is u seker? -- Ek sê hy was daar. (10)

Dan was daar ook nog wie gewees sê u? -- IC.8, Thapeli, Charles Mabitsela, Boitjie Moshe en ekself.

Ek wil dit aan u stel, daar is nooit aan IC.8 gestel toe hierdie band se speel aan hom gestel is dat Victor Maluleka een van die groep was nie? -- Nee, hy was teenwoordig gewees.

Vir watter doel het u hierdie band voorgespeel aan die groep? -- Sodat hulle moet weet wat gebeur in AZAPO.

Met hierdie nasionale raad wat u hier bygewoon het toe u hierdie band bekom het, behalwe u, wie was daar nog (20) van AZAPO in die Vaal? -- Net ek.

Bepaal AZAPO se konstitusie dat daar net een afgevaardigde moet gaan van elke tak? -- Die omstandighede het dit nie toegelaat dat daar nog ander mense by moet wees nie, want dit was gedurende die week gewees wat ons weg is. Dit het ek aan die raad verduidelik en dit was aanvaar.

U sê "ons" is weg. Wie is die "ons" wat weg is na die nasionale raadsvergadering toe? -- Ek saam met die ander mense saam met wie ons gery het per bus van die hoofkantoor van AZAPO in Johannesburg het in h bus vertrek en soontoe (30)

gegaan/...

gegaan.

U het ook vir die Hof gesê dat AZAPO het bewus geword van die verkiesing van raadslede in daardie tyd, Oktober 1983? -- Ja, AZAPO Vaal het toe kennis gekry in Oktober 1983 daarvan.

K713 En u en AZAPO Vaal het 'n besluit geneem met betrekking tot hierdie verkiesing van raadslede. Is dit reg? -- Ja, dit is so. Laat ek so verduidelik. As ek praat daarvan dat AZAPO daarvan kennis geneem het, bedoel ek nie dat hulle vir die eerste keer daarvan verneem het nie. Daarby bedoel (10) ek dit was in Oktober 1983 bespreek. Daar was wel vroeër sulke kennis gewees. Dit was bespreek in 'n vergadering.

Ek wil net 'n paar gebeure in perspektief kry. U is gekies in daardie tyd as die nuwe voorsitter van die Vaal tak? -- Dit is so, ja.

Wanneer in Oktober 1983 is u gekies as voorsitter? -- Dit was by 'n vergadering gehou op 2 Oktober.

En waar het julle hierdie vergadering gehou? -- By my huis.

Was daar baie mense? -- Ja, daar was baie mense gewees (20) wat eintlik veroorsaak het dat ons die meubels uit die sitkamer moes neem.

Is hierdie vergadering belê uitsluitlik met die doel om 'n nuwe bestuur te kies of wat was die doel van die vergadering? Waaroor was hy belê? -- Dit is so. Dit was met die doel om die nuwe bestuur te kies. Op daardie tydstip was ons alreeds daarvan bewus dat daar 'n raad is.

Was IC.8 by hierdie vergadering? -- Nee, hy was nie.

Was hy toe al 'n lid? -- Dit is so.

Weet u hoekom hy nie daar opgedaag het nie? -- Ek (30)

weet/...

weet nie, maar die rede hoekom ek onthou dat hy nie daar was nie is omdat my gevoel eintlik was dat hy gekies moet word in die nuwe bestuur.

Hoekom was dit u gevoel dat hy gekies moet word? -- Dit is omdat ek hom gesien het as 'n persoon wat 'n goeie spreker is en tweedens, dat hy ook geleerd was.

Was hy in sy afwesigheid gekies op die nuwe bestuur? -- Nee, hy was nie.

Vir watter pos het u hom in gedagte gehad op die nuwe bestuur? -- Enige. (10)

Op hierdie bestuur is toe gekies onder andere as die sekretaris Jabo Shabalala? -- Ja, hy was verkies as die tesourier.

Het IC.8 op 'n stadium volgens u lid van die bestuur geword van AZAPO Vaal? -- Dit is so, ja.

Volgens u, wanneer het hy lid geword van die bestuur? -- Tussen November en Desembermaand.

1983? -- In 1983.

In wie se pos het hy nou lid van die bestuur geword? -- Hy was in die pos van die sekretaris Modise Lehoko wat die (20) pos ontruim het en in die pos van die vise-voorsitter geplaas is.

Wat het van die vorige vise-voorsitter geword? -- Die probleem was dat die gewese vise-voorsitter was 'n man wat gewerk het wat die meeste van die tyd nie beskikbaar was nie.

Wie was hy? -- Philemon Khoetha

Voordat julle as 'n tak op die vergadering van 2 Oktober 1983 oor die verkiesing van raadslede gepraat het, was daar enige besluite geneem deur AZAPO se nasionale kantoor oor wat die posisie van AZAPO ten opsigte van die verkiesings (30)

is/...

is wat op hande is? -- Ek weet nie wat die houding van die hoofkantoor van AZAPO was teenoor die verkiesings nie, maar wat gebeur het is dat ons het dit so beskou, ons sonder die houding van die hoofkantoor, dat dit 'n deel is van die drie-kamer parlement.

HOF : Watter verkiesings? -- As ek reg verstaan het praat die aanklaer van die verkiesing van die BLA.

MNR. FICK : Was die verstandhouding nie dat die takke moet hierdie kwessie van die Swart plaaslike bestuur se verkiesings bespreek en dan na die nasionale raad toe gaan met 'n mandaat(10) van hulle tak en dan daaroor 'n besluit geneem moet word, dat ons AZAPO sê dit is ons houding nie? -- Ek weet nie, maar wat ek aan u kan verduidelik is die volgende, dat by die raad van AZAPO die takke verslag aan hulle doen van wat die takke van voorneme is om te doen. Van die dinge wat duidelik was by hierdie raad as gevolg van die verslae deur die verskillende takke, was dat hulle almal bereid was om hierdie verkiesing van die raadslede te opponeer. As 'n mens nou daarna moet kyk, sal ek nou nie weet of dit vertolk kan word as dit wat AZAPO sê moet plaasvind nie, omdat die takke so (20) besluit het.

U tak het in sy vergadering toe u ook gekies is op 2 Oktober 1983 besluit ten aansien van die raadslede dat u nie die verkiesing van raadslede ondersteun nie. Is dit reg? -- Dit was die besluit van ons tak dat ons nie die verkiesing van die raadslede gaan ondersteun nie en tweedens, dit sal 'n kampanje uitvoer.

Was die rede vir julle tak se besluit om nie die raadslede se verkiesings te ondersteun nie, omdat julle die raadslede gesien het as "collaborators, stooges" en "sell-outs"? (30)

Nee/...

-- Nee, die rede was net dat ons nie hierdie sisteem wat daar in werking gestel word, dit wil sê die BLA aanvaar nie.

Maar hoekom aanvaar julle dit nie? Is dit omdat julle die mense sien as "sell-outs"? -- Ons het dit nie aanvaar nie, want dit was aan ons gegee as 'n vervanger van ons volle regte.

En u het toe besluit u gaan 'n kampanje voer teen hierdie verkiesings en die raadslede. Is dit reg?

HOF : Dit het die getuie al gesê.

MNR. FICK : Het julle besluit hoe julle die kampanje (10) gaan voer op 2 Oktober? -- Dit is so.

Wat het julle besluit, hoe gaan julle hierdie kampanje voer? -- Ons het besluit dat ons vergaderings gaan hou met die gemeenskap.

Behalwe die vergaderings, op wat het u nog besluit gaan u die kampanje voer? -- Nee, by hierdie vergadering waarvan ons nou praat het ons net gepraat van die vergaderings.

Behalwe te besluit julle gaan vergaderings hou, het julle enige ander besluite geneem in verband met die kampanje? -- Nee, ons het net van die vergaderings gepraat. (20)

Na hierdie vergadering, het julle enige ander vergaderings gehou om vergaderings met die publiek te belê?

HOF : Wat is die nut hiervan om dit nou te vra of daar 'n voorbereidende vergadering ter vergaderings gehou is? Dit is gemeensaak dat die mense het aggteer teen die verkiesing van die raadslede. Hy het in hoofgetuienis presies vir u vertel waarom hy dit gedoen het. U kan hom oor sy motiewe vra, u kan hom uitvra oor die manier waarop hy dit gedoen het, maar ons weet mos hulle het 'n kampanje gevoer. Waarom hierdie lang voorbereiding? Wat help dit ons saak enige (30)

kant/...

kant toe? Vir die verdediging of vir die Staat. Moenie my tyd mors nie.

MNR. FICK : Het u vergaderings met die publiek gehou in verband met die verkiesing van raadslede? -- Dit is so.

Kan u net aandui hoeveel het u gehou met die publiek?  
-- Twee.

Was hulle gehou enige van hulle in die kerk van beskuldigde nr. 3? -- Ja, dit is so.

Is hulle altwee daar gehou? -- Ja, dit is so.

Het u met beskuldigde nr. 3 persoonlik onderhandel (10) om die kerk te kry vir die vergaderings? -- Ja, dit is so.

Het u vir beskuldigde nr. 3 gesê vir watter doel u die vergaderings gaan hou? -- Ek hoop so. Ja, ek dink ek het so gesê.

Was beskuldigde nr. 3 op enige van hierdie twee vergaderings self? -- By die vergadering te Sharpeville was hy teenwoordig.

HOF : Altwee vergaderings? -- Nee, die vergaderings was op twee plekke gehou. Een in Sharpeville en een in Boipatong.

Met ander woorde die kerk van beskuldigde nr. 3 in (20) Sharpeville en die kerk van beskuldigde nr. 3 in Boipatong is gebruik. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

MNR. FICK : Het u enige sprekers van buite gekry om die mense toe te spreek? -- Ja, dit is so, by die vergadering van Boipatong.

HOF : As u nou praat van buite sprekers, bedoel u buite Boipatong of buite die Vaal? -- Buite die Vaal.

MNR. FICK : Een van hierdie sprekers, was hy Mpule Monana van AZASM? -- Dit is Mpule Monama.

HOF : Van AZASM? -- Dit is so. (30)

MNR. FICK/...



MNR. FICK : Hy was die nasionale organiseerder op daardie stadium gewees? -- Dit is so.

En u het ook die nasionale organiseerder van AZAPO op daardie stadium Tabo Ndabeni van Soweto gekry? -- Dit is so.

Was dit die enigste sprekers wat u gekry het van buite die Vaal? -- Dit is so.

Op hierdie vergadering op Boipatong was daar ook sprekers plaaslik wat gepraat het? -- Ja.

Stem u saam een se naam van Ernest Tsotso? -- Ek ken nie die persoon nie. (10)

Ken u ene Tsotso? -- Nee.

Het daar 'n persoon van 'n burgerlike gemeenskapsorganisasie, soos julle noem 'n "civic" gepraat op die vergadering? -- Nee, ek onthou nie. Daar was nie een nie.

Was daar 'n spreker wat algemeen bekend was as Old Man, met die naam Old Man? -- Nee.

Het julle op hierdie vergadering enige besluite geneem, resolusies? -- Ja, ons het ooreengekom as 'n resoluksie dat ons nie hierdie verkiesing aanvaar nie. Dit is die ooreenkoms by hierdie vergadering. (20)

In Boipatong? -- Ja.

Wil u net meer uitbrei op die stelling dat u nie die verkiesings aanvaar nie? -- Dit beteken dat die verkiesing geboikot sal word en daar sal ander mense ook aangemoedig word om nie die verkiesing te aanvaar nie.

Het julle op hierdie vergadering vryheidsliedere gesing? -- Nee. Die rede was dat die vergadering gedurende die week gehou was en in die nag en die sing van liedere sou tyd in beslag geneem het.

Ek wil met u oorgaan dan na die ander vergadering (30)

wat/...

wat u gehou het in verband met die kampanje teen die verkiesing van raadslede en dit is die een wat gehou is in Sharpeville in beskuldigde nr. 3 se kerk. Het u hier ook sprekers van buite die Vaal gekry? -- Nee.

Wie was die sprekers by hierdie vergadering? -- Ek was.

Die enigste spreker? -- Ek tel nog. Modise Lehoko, Tsepo Sebuse. Ek kan nie meer onthou of mnr. Thapeli ook daar h toespraak gelewer het of nie. Dit is al mense wat ek kan onthou.

Hierdie vergadering was oor h naweek? -- Ja. (10)

HOF : Het u ook gepraat te Boipatong? -- Dit is so.

MNR. FICK : Wie was die voorsitter by daardie vergadering te Boipatong? -- Ek kan nie die persoon se naam onthou nie. Wat eintlik gebeur het daar was die volgende. Terwyl ons daar was te Boipatong het ons besluit om h persoon wat h inwoner is te Boipatong aan te stel as h voorsitter van hierdie vergadering. Dus het h inwoner daar opgetree as h voorsitter en ek kan nie die persoon se naam onthou nie.

Nou terug by Sharpeville. Wie was die voorsitter daar?  
-- IC.8. (20)

Het julle by hierdie geleentheid vryheidsliedere gesing?  
-- Nee.

Was op hierdie vergadering in Sharpeville besluite geneem?  
-- Dit is so.

Wat se besluite het julle hier geneem? -- Dat ons "stickers" gaan gebruik om ons gevoelens bekend te maak aangaande die verkiesings. Dit sal ook dien as h aanmoediging vir mense om nie die verkiesings of om nie aan die verkiesings deel te neem nie.

Het julle hierdie plakkers wel produseer, gemaak? -- (30)

Die/...

Die plakkers wat ons van gebruik gemaak het is dié wat oorgebly het waarmee ons die vergadering van Soweto adverteer het.

HOF : Maar was die plakkers dan nog enigsins toepaslik? Was die bewoording nie heeltemal verkeerd nie? -- Daar was verbeterings aangebring op hierdie plakkers in die sin dat ons die bewoording wat ons nie wou gehad het nie, afgesny het.

MNR. FICK : Watter boodskap het julle op die plakkers aangebring? -- Die boodskap wat ons gelaat het op hierdie (10) plakkers was "Black Solidarity." Wat dan gebeur het, na die bewoording Black Solidarity, was daar toe 'n spasie gewees onder dit. Ons het dus gebruik gemaak van die spasie deur iets daarop in te skryf met die hand.

Het u enige boodskap met betrekking tot die verkiesing daar geskryf? -- Ja.

En wat het u geskryf? -- "Do not vote for apartheid. Do not vote for oppression."

Is hierdie plakkers oor die hele Vaal, oor die woongebied aangebring? -- Ek hoop so, al het ek dit nie by die ander (20) plekke gesien nie.

Behalwe nou dat u vir ons vertel het van twee vergaderings en die plakkers wat u opgesit het in verband met die verkiesing, het julle as komitee enigiets anders nog gedoen vir hierdie kampanje? -- Behalwe dit wat ek alreeds genoem het, het ons ons lede aangemoedig, nie as 'n komitee in hierdie geval nie, om soveel as moontlik mense in te lig oor die boodskap.

Behalwe uself op die dag van die verkiesing wat rondgeloop het en die mense probeer oorreed het om nie te stem (30) nie/...

nie, het die ander komiteelede dieselfde gedoen? -- Ek hoop so, al het ek hulle nie gesien nie.

Op hierdie vergaderings wat u gehou het en die gesprekke wat u met die mense gehad het, het u aan die mense oorgedra dat hierdie raadslede is "collaborators", onderdrukkers en "sell-outs" van die gemeenskap? -- Ek onthou wat die "sell-outs" betref dat daarvan melding gemaak was deur myself, waar ek nou gepraat het met verwysing na mnr. Thabe. Dit is toe hy nou bedank het in sy verklaring en gesê het dat hy nie gebruik wil word nie. (10)

HOF : Maar dit was tog voor die tyd al. Was dit nie in 1981 of so nie? -- Ja, dit was.

MNR. FICK : Nou vra ek vir u, het u ook vir die mense gesê toe u gepraat het dat hierdie raadslede wat hulle self verkiesbaar stel as raadslede is 'n klomp "collaborators, oppressors and sell-outs"? -- Miskien het ek ook die ander woorde gebruik, maar ek het nie 'n goeie rede wat so sterk genoeg was vir my om dit ook te gebruik het nie. Die sterk rede wat ek na verwys het, het ek geen probleme mee gehad om te gebruik nie. Indien ek so gevoel het, sou ek hulle gebruik(20) het.

HOF : Kan ek net duidelikheid kry oor u antwoord. Sê u dat u sterk genoeg gevoel het om die woorde te gebruik of sê u dat as u so gevoel het dan sou u dit gebruik het? -- Nee, my antwoord op die vraag is, ek het geen probleme gehad met die gebruik van hierdie woorde nie, maar ek kan nie onthou dat ek hierdie woorde gebruik het nie.

MNR. FICK : Ek stel twee goed aan u in hierdie verband. Eerstens, in u hoofgetuienis het gesê u het die woorde gebruik en tweedens, die doel waarom u dit gebruik het was om die (30)

mense/...

mense op te sweep teen die raadslede. -- As dit so is dat ek so gesê het, is daar nog nie 'n probleem daarmee nie. Ek sê nou in my antwoord, as ek die woorde gebruik het, dan het ek die woorde gebruik, maar wat ek tans sê is dat ek het nie 'n probleem in die gebruik van daardie woorde nie. Ek kan net nie met sekerheid sê dat ek wel die woorde gebruik het nie.

Ek stel dit aan u, u wou nie net die mense sover kry deur die gebruik van hierdie woorde om nie te stem nie, u wou hulle opsweep, u wou 'n haatgevoel by hulle wakker maak (10) teen die raadslede? -- Dit sou beteken het dat ek nie verstaan waarmee ek besig was nie, indien ek dit in my gedagte gehad het.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG.

HOF HERVAT.

K714

OUPA JOHN HLOMOKA, nog onder eed

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. FICK : Ek wil net kortliks na een aspek wat u vanoggend genoem het terugkom. Dit is, u het vir die Hof gesê dat op 2 Oktober 1983 was IC.8 reeds 'n lid van AZAPO en u sou hom graag op die bestuur (20) verkies wou gehad het? -- Ja, dit is so.

Ek wil u verwys na wat u getuig het in u hoofgetuienis in volume 218 bladsy 11 577. U het daar op 'n vraag van My Geleerde Vriend gesê "When the commemorative death of the late Steve Biko was over, you were about to tell us that you had a conversation with IC.8. - The conversation was about him, IC.8, informing me that he wished to join AZAPO.2 Dan slaan ek 'n reël oor en dan is die volgende vraag "Did you at the time that this conversation was taking place have a tape in your possession? - Yes, it was during October." (30)

Dan/...

Dan vra die Hof "1983?" dan sê jy "Yes." Dan blyk dit dat hierdie band waarvan gepraat word is BEWYSSTUK 25 se eweknie. Nou wil ek aan u stel, hierdie antwoord wat u gegee het is foutief. U het verkeerde inligting en getuienis op hierdie bladsy vir die Hof gegee? Want u het ook vir die Hof gesê dat u hierdie band eers 8 en 9 Oktober 1977 by die kongres, die nasionale raadsvergadering gekry het in die Kaap? -- Ek het eers hierdie kasset in die hande gekry na die raad van Oktober gesit het. As die vraag daar in my getuienis-inhoof gemik was op die vergadering van Septembermaand, (10) het ek op daardie stadium nog nie die kasset gehad nie.

HOF : Het die Raad in Oktober gesit of in November? -- Dit was in Oktober gewees.

MNR. FICK : Toe u hierdie gesprek met IC.8 gevoer het oor sy lidmaatskap van AZAPO, kon u nie in besit gewees het van hierdie band waarvan BEWYSSTUK 25 die gelyke is nie? -- Toe ek met IC.8 'n gesprek gevoer het, het ek al die band gehad. Ons was op pad na Sharpeville toe. Ek het eintlik by sy huis aangedoen waarvandaan ek saam met hom gegaan het na Sharpeville toe. (20)

Op die geleentheid wat u na Sharpeville toe is saam met IC.8, was hy al 'n lid gewees? -- Ja, dit is hoe ek dit het in my gedagte.

U het ook vanoggend vir die Hof gesê op 'n vraag of julle van die nasionale raad van AZAPO of die kongres enige opdragte gekry het oor wat julle moet maak met betrekking tot hierdie verkiesing en raadslede en toe het u gesê nee, dit is oorge- laat aan die takke ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Net 'n oomblik. Is dit van die nasionale raad of van die kongres? (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Die kongres.

HOF : Praat ons nou net van die jaarlikse kongres?

MNR. FICK : Die jaarlikse kongres. Is dit reg? -- Ek kan nie onthou dat so 'n vraag aan my gestel was nie.

Was die voer van kampanjes teen die Swart plaaslike besture aan die takke oorgelaat deur AZAPO? Of was daar spesifieke besluite gewees van die kongres dat die takke hierdie kampanje teen die Swart plaaslike besture moet voer? -- Ek het eers die kongres van AZAPO bygewoon wat gehou was tussen die tydperk 8 en 9 Januarie 1984. Dit wil sê dit (10) was na die kampanje wat uitgevoer moes word, dat ek hierdie kongres bygewoon het. Ek sê dit was na die uitvoering van die kampanje gewees dat ek die kongres bygewoon het.

Nee, die vraag is, het AZAPO se jaarlikse kongresse aan die takke opdrag gegee dat hulle kampanjes moet voer teen die Swart plaaslike besture? Of kon die takke self besluit of hulle 'n kampanje teen die Swart plaaslike besture wil voer? -- Ek het nie die kennis dat AZAPO so 'n kennis gegee het nie, maar wat ek in antwoord sal sê is dat ons het op ons eie daardie besluit geneem. (20)

Maar na so 'n jaarlikse kongres, bespreek die tak in die Vaal van AZAPO nie die besluite van die kongres nie? Kry julle dit nie? -- Ek het nie die kongres van die jaar 1983 bygewoon nie. Dus het ek nie sulke inligting gekry nie. Die verslag, dit wil sê die boekie wat die verslag is van die kongres van die jaar 1983 het ek eers in my besit gekry na die uitvoering van hierdie kampanje.

HOF : Ek wil u 'n ding vra. Is die kongres die hoogste gesag in AZAPO of is die nasionale raad die hoogste gesag in AZAPO? -- Die kongres is die hoogste beleidmakende liggaam van (30)

AZAPO/...

AZAPO.

MNR. FICK : Hoe verseker AZAPO se kongres dat sy takke sy besluite kry en dit uitvoer? -- Die kongres, as ek nie fouteer nie, gee nie instruksies uit nie. Wat gebeur is dat die takke van AZAPO voer die beleid van AZAPO uit by die betrokke area waaraan hierdie tak verbonde is. Dit is as die takke nou na die raad toe gaan. Dit is waar al die takke ontmoet waar hulle nou 'n verslag doen van wat hulle gedoen het in die verlede en wat hulle van plan is om te doen in die toekoms. Wat die opdragte betref kan ek nie onthou dat ons enige (10) opdrag gekry het by AZAPO wat om te doen by die tak waar ek verbonde is nie.

Hoe word die takke ingelig oor die beleidsbesluite van die jaarlikse kongres? -- Veral waar dit by die beleid kom, as daar enige verandering aangebring is aan die beleid van die organisasie, word elke tak in kennis gestel van hierdie verandering deur middel van 'n brief.

En as daar besluite geneem is deur die jaarlikse kongres, resolusies van AZAPO, hoe word die takke omtrent die resolusies ingelig? -- Ek kan nie onthou dat ons dit op enige (20) manier gekry het om te weet wat die resolusies was van die kongres nie, behalwe dat ons daarvan lees in die koerante of in 'n vorm van 'n boek soos die bewysstuk wat nou voor die Hof dien.

Maar is dit nie die bestuur van 'n tak se plig om na 'n kongres uit te vind wat se resolusies is daar geneem op die kongres nie? -- Ja, in die meeste gevalle lees ons daarvan in die koerantberigte en ook in die meeste gevalle word dit maar bespreek by die raad, maar ek kan nie so goed onthou om iets spesifiek te kan sê wat gebeur het nie. (30)

Wil/...



Wil u werklik hê die Hof moet glo dat die bestuur van h tak van AZAPO is van koerante afhanklik om uit te vind watter besluite is geneem by die jaarlikse kongres? -- Ek sê ek kan nie onthou nie, maar wat ek wel kan sê is, dat die tak behoort teenwoordig te wees by die kongres sodat die tak kan bydra by hierdie verandering van die beleid indien daar enige is of die gevoelens van die tak oor te dra aan die kongres.

Ek wil aan u BEWYSSTUK B2 stel in dié verband, volume 1 en wel bladsy 40. Dit is die tweede laaste bladsy van (10) die betrokke bewysstuk. Ek sal hom weer identifiseer. Dit is h dokument bevattende die stukke van die derde jaarlikse kongres van AZAPO 4 tot 6 Februarie 1983. Wil u in die laaste kolom kyk, die laaste hofie onder "Resolution 9". Dit is onder die opskrif van die afdeling getiteld "Resolutions passed by congress" wat op bladsy 39 voorkom. In die algemeen, stem u saam, as u daar na resoluie 9 kyk op bladsy 40 die laaste paragraaf dat dit h resoluie is wat handel met die Presidentsraad en die Koornhof wette? -- Dit is so, ja.

En stem u saam op bladsy 41 die eerste kolom, die (20) tweede laaste paragraaf onder paragraaf nr. 3 staan die volgende "To engage in a campaign together with fraternal organisations to popularise and resist the present so-called dispensation developments." Sien u dit? -- Ja, ek sien dit.

As u nie hierdie resoluie gekry het net na die kongres nie, hoe het u geweet in die Vaal dat u in orde is sover dit die beleid van AZAPO aangaan dat u h kampanje kan voer teen die Swart plaaslike besture en die verkiesings? -- Al was daar nie so h resoluie vervat hier, soos hierdie een waarna verwys word nie, sou ons nog voortgegaan het met die (30) kampanje/...

kampanje, want AZAPO is reeds daarvoor gestig. Dit beteken dus dat dit nie vir ons nodig was om te weet van hierdie resoluksie om h optrede te begin nie.

U het ook voor die verdaging vir die Hof gesê op h vraag, of die stelling wat ek aan u gemaak het is dat u nie die raadslede "sell-outs, oppressors, collaborators" genoem het om hulle op te sweep, die massas op te sweep en die raadslede gehaat te maak by die massas nie, maar ek wil in dié verband hê u moet kyk ook op dieselfde bladsy, bladsy 41 die eerste kolom die tweede paragraaf ongeveer die tweede helfte van (10) hierdie paragraaf. Daar word gesê dit word genoteer dat "Individuals and organisations had participated in these visionations so as to aid and abet this regime, are knowingly selling their birthright and have to be exposed as traitors to the Black cause." -- U vraag het begin deur te sê dat ek het gesê in antwoord dat ek nie die woorde gebruik het nie. Dit is nie wat ek gesê het nie. Ek het aan u gesê ek het nie h probleem gehad om die woorde te gebruik nie.

Is dit nie so dat u onder andere die raadslede as "collaborators, sell-outs and oppressors" beskryf het omdat (20) u van die kongres h opdrag gehad het om hulle te "expose as traitors to the Black cause" nie?

MR BIZOS : Would "beskou" not be a better word having regard to the accused's repeated evidence that he does not remember using them, but he would have no problem in using it?

MNR. FICK : Die Staat volstaan daarby dat hy dit gesê het maar ek sal die vraag probeer herformuleer.

HOF : Is dit nie duidelik uit die dokument dat AZAPO teen daardie soort mense wat meewerk gekant is en dat dit gestel word dat daardie teenkanting, dat hulle ook aan die kaak (30) gestel/...

gestel moet word as verraaiers van die Swartsaak nie? -- So n verklaring is eintlik nie n nuwe ding nie en dit was ook nie n nuwe ding wat deur hierdie kongres hier gesê word om hierdie persone so te beskryf nie, want hierdie soort verklaring was alreeds lank vantevore gemaak voor die stigting van hierdie kongres. Dus was dit nie nodig gewees dat dit gesê kan word dat die kongres daarop besluit het nie.

MNR. FICK : Ek sal met u oorgaan na die jaar 1984 se gebeure. Is dit so dat in Maart 1984 het julle weer n herdenkingsdiens gehou in die Vaal? -- Dit is so, ja. (10)

Dit was weer gehou in die kerk van beskuldigde nr. 3? -- Ek sê so.

Persoonlik met beskuldigde nr. 3? -- Deur toestemming van hom te vra en dat hy die toestemming verleen.

En beskuldigde nr. 3 was self ook op die betrokke herdenkingsdiens? -- Ja, hy was daar.

HOF : Ek wil u iets vra oor hierdie gebruik van die woord "commemorative service" herdenkingsdiens. Is dit nie so dat as n mens met n diens bedoel n gewyde geleentheid dat die enigste gewyde deel van hierdie dienste is die skrif-(20) lesing en gebied aan die begin en niks meer nie? -- Ja, dit is die prosedure. Dit is wat gedoen word ter opening.

En as dit verby is, dan is die res basies n politieke vergadering? -- Ek weet nie wat die Hof in gedagte het om dit te stel nie, maar wat ek van weet en wat ek verstaan is die volgende. Hier word n herdenkingsdiens gehou en dit word geopen op die manier soos ek dit gehou het en dan daarna word daar gepraat van die gebeure wat eintlik gelei het tot hierdie spesifieke herdenkingsdiens. Dit word dan bespreek. Ek weet nie of u dit nou beskou as n politieke (30)

vergadering/...

vergadering nie of h bespreking van politieke gebeure nie.

Of geskiedkundige gebeure? -- Ja, dit is so.

Maar eintlik, waar ek dit aan u stel is omdat ons die woord diens "service" gebruik en ek het dit altyd gehad dat met h diens of h "service" bedoel word h kerkdienst waar die Woord van die Here gelees word en verduidelik word. Dit is nie presies wat hiermee bedoel word nie? -- Nee, dit is nie altyd so nie. Dit is nie altyd die prosedure wat gevolg word nie. Al het ek nie al die vergaderings bygewoon of die dienste wat betrekking het op dit nie, maar my verstand-(10) houding van die hele ding is dat by die herdenkingsdienste is daar h spesifieke manier van bid wat gevolg word wat spesifiek bedoel is vir hierdie tipe van dienste wat gehou word en dan is daar h ander tipe manier van gebed wat gedoen word in die verskillende tipe vergadering. Wat my betref is daar eintlik twee dinge wat plaasvind in hierdie soort van vergaderings in die gebed.

So, die gebed is toegespits op die besondere historiese gebeurtenis en herdenkingsdiens? -- Nie die gebed self nie, die maniere wat gevolg word by hierdie tipe dienste verskil.(20) Byvoorbeeld waar daar op h stadium gesê word dat almal moet stilbly vir h sekere tyd en dan weer toegelaat word om iets te doen. Dit is h manier van diens wat gehou word by hierdie herdenkingsdiens wat h mens kan beskryf as h "moment of silence."

Ter herinnering aan iets of iemand wat gebeur het? -- Ja, dit is so.

Maar as ek dit reg het, u moet my korrigeer as ek verkeerd is, afgesien daarvan dat mense tussenin kan sê goed, hier is nou h oomblik van stilte en afgesien daarvan dat daar gesing(30) kan word Senzeni na en iemand h voordrag doen terwyl die Senzeni/...

Senzeni na gesing word en afgesien van heel aan die begin, die opening met skriflesing en gebed, is die res toesprake wat toegespits is op 'n historiese gebeurtenis? -- Ja, maar nie presies soos deur die Hof beskryf is nie. Wat eintlik gebeur is die volgende. Die diens word geopen soos 'n diens soos alreeds deur ons beskryf en dan wat daarna gebeur is, wat daar teenwoordig is sal nou in die lewe as geheel inkyk en dit bespreek in vergelyking met dit wat gebeur het wat veroorsaak het dat hierdie herdenkingsdiens gehou moet word. Dan terselfdertyd 'n gebed hou met die oog daarop dat daar (10) 'n verbetering moet kom in die toekoms dat dit wat gebeur het wat veroorsaak het dat daar 'n herdenkingsdiens gehou word, nie weer moet plaasvind nie. Ek sê nie dit is altyd so nie. Ek gee net 'n beskrywing in die algemeen vir die Hof wat gewoonlik verwag word om te gebeur.

Ons het hier sekere videos gesien. Ek dink onder die videos was daar ook "commemorative servives" of 'n "commemorative service" as ek reg onthou? -- Ja, ek dink amper so.

Ek dink ook so. Sou u sê dat dit wat ons hier gesien (20) het ongeveer 'n deursnee is wat op die vergaderings gebeur? -- Soos u nou daar gepraat het het ek gou probeer dink of ek nou 'n beeld kan kry van een wat ons hier in die hof gesien het waarop ek my antwoord kan baseer. Ongelukkig kry ek nie 'n beeld van een wat ek kan onthou nie, maar dit was ek beskryf het, is dit wat in die Vaal plaasgevind het. Ek is eintlik nie op hoogte daarvan nie. Dit wissel van plek tot plek.

MNR. FICK : Ons is nog by herdenkingsdiens van Maart 1984.

Is dit korrek daar is weer sprekers van buite die Vaal gekry (30)

om/...

om die vergadering toe te spreek? -- Ons het een spreker verkry van buite die Vaal.

Wie was dit? -- Muntu Myeza.

En op daardie stadium, watter pos het hy bekleed? -- Hy was die publisiteitsekretaris.

Van AZAPO? -- ja, dit is so.

Daar was ook 'n spreker afkomstig van AZASM in Sasolburg. Is dit reg? -- Ja, dit is so.

Wie was dit? -- Solly Mohape.

Was hy die voorsitter van AZASM in Sasolburg? -- Ek (10) weet nie, maar hy is een van die amptenare.

Is ek reg as ek sê dat hulle net - daar was plaaslike sprekers ook? -- Ja, dit is so, al kan ek nou nie meer so goed onthou wie hulle was nie.

Is ek korrek as ek sê dat al die sprekers het basies die Swartbewussynsideologie gepropageer op die vergadering en ook 'n beroep gedoen op die aanwesiges om by AZAPO aan te sluit? -- Ja, dit is so, maar nie almal het mense aangemoedig om aan te sluit by AZAPO nie. Dit is net een persoon, naamlik ekself wat dit gedoen het. Ek weet nie wat u bedoel daarby (20) as u sê ons propageer Black Consciousness nie. Wat ek wel kan sê is, ons is in hierdie organisasie en ons siening is eintlik dié van die Black Consciousness. Ons is daarin betrokke.

En julle het ook vir die aanwesiges vertel hoe 'n goeie ding hierdie ideologie van Swartbewussyn is? -- Ons het van Black Consciousness gepraat daar, maar om dit nou te beskryf en sê hoe 'n goeie ding dit is, kan ek nie onthou dat ons dit gesê het nie.

Was u die voorsitter van hierdie vergadering? -- Dit (30)

is/...

is so, ja.

Het enigiemand op hierdie vergadering hom uitgespreek teen die raadstelsel? -- Ons het oor die apartheid daar gepraat en ons siening, wat ons siening is van Black Consciousness. Die dorpsraad is 'n baie lae faktor in hierdie hele ding. Ons sou dit nie daar bespreek het nie.

Het julle op hierdie vergadering die resoluëie wat deur AZAPO aanvaar is uitgevoer dat julle die raadslede "expose" het as "traitors to the Black cause"? -- Watter resoluëie praat u van? (10)

Die een wat ek net na die begin van die Hof se sitting vanmiddag aan u gestel het in BEWYSSTUK B2? Dit is in Februarie 1983 aanvaar? -- Nee, maar dit was nie AZAPO se vergadering wat daar gehou was nie. Dit was 'n herdenkingsdiens wat ons bygewoon het en daar was nie beleide van AZAPO bespreek nie.

Maar u is dan die heelyd besig om vir die Hof te sê dat u Black Consciousness ook daar verkondig het wat die beleid is van AZAPO teen apartheid? -- Ja, dit is so, maar u vraag nou is oor 'n sekere resoluëie, of dit nou nie daar bespreek (20) was nie.

Nee, niemand het gevra of die resoluëie bespreek is nie. Ek vra het julle op hierdie vergadering raadslede "expose as traitors to the Black cause"?

HOF : Dit is nie wat u gevra het nie. U het gevra of hy uitvoering gegee het aan die resoluëie deur die raadslede aan die kaak te stel as verraaiers van die Swartsaak. Dit is iets anders. Waarom vra u nie die vraag dood eenvoudig nie, het julle oor raadslede gepraat en wat het julle oor hulle gesê. Dan weet ons mos nou waar dit oor gaan. (30)

MNR. FICK/...

MNR. FICK : Het julle oor raadslede gepraat? Indien wel, wat het julle aan hulle gesê? -- Ons het nie van die raadslede gepraat nie.

Na hierdie byeenkoms van Maart 1984 het julle n volgende byeenkoms gehou om 16 Junie te herdenk? -- Ek het.

Waar was hierdie byeenkoms gehou? -- Roomse Katolieke Kerk Small Farms.

Het u hier ook sprekers gekry van buite die Vaal? -- Ons het een gekry.

Wie? -- Mnr. Nefolobotwe. (10)

Het u enige sprekers van AZASM gereël vir hierdie byeenkoms? -- Dit is so, ja.

Van waar het hulle gekom die sprekers van AZASM? -- Daar was een wat van Soweto af gekom het en een van die Vaal, naamlik Sasolburg.

Was u self n spreker op die vergadering? -- Ek was die voorsitter.

HOF : Nadat die vergadering ontvoer is, hoeveel mense was daar toe uiteindelik op die vergadering? -- Hulle was vol genoeg gewees om al die sitplekke vol te sit. Gewoonlik (20) as hulle daar is, staan hulle ook, maar hierdie dag was daar nie mense gewees wat gestaan het nie.

MNR. FICK : Het u of enige van die ander sprekers die raadslede in die toesprake aangeval? -- Ek onthou nie van so n toespraak nie, maar ek is nie seker nie.

Het julle op hierdie vergadering weer oor die Swartbewussynsideologie gepraat met die gehoor, enige van die sprekers? -- Ek weet nie wat u daarby bedoel nie, maar in elk geval, AZAPO lede het daar toesprake gelewer en hulle is die mense van daardie siening. (30)

Was/...



Was daar enige spesifieke rede waarom hierdie vergadering in Evaton gehou is en nie in Sharpeville in beskuldigde nr. 3 se kerk nie? -- Nee, ek kan nie van 'n spesifieke rede onthou hoekom nie, maar al wat ek kan sê is, toe ek 'n vergaderplek gekry het te Small Farms, het ek toe nie verder aangegaan om nog 'n vergaderplek te soek nie.

Was beskuldigde nr. 3 by hierdie vergadering? -- Nee.

HOF : Die vergaderplek by Small Farms, kan dit meer of minder mense hou as die vergaderplek in Sharpeville by die kerk van beskuldigde nr. 3? -- Nee, beskuldigde nr. 3 se (10) kerk is heelwat groot.

Heelwat groter as Small Farms? -- ja.

GETUIE STAAN AF.

HOF VERDAAG TOT 22 MEI 1987.